| | |
|---|---|
| VERSLAGWAARDIG | JA/NEE |
| SIRKULEER ONDER REGTERS | JA/NEE |
| SIRKULEER ONDER LANDDROSTE | JA/NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

# (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***

***SAAKNO.:CA&R36/99***

***DATUM: 02/03/2001***

Uitspraak op Appèl:

**FREDDIE FAKU** **APPELLANT**

teen

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

***CORAM:*** Van der Walt R et Majiedt R

# U I T S P R A A K

**MAJIEDT R:**

**1. Die Appellant kom in hoër beroep teen sy skuldigbevinding aan diefstal van 'n motorvoertuig en sy vonnis van 7 jaar**

gevangenisstraf. Hy was nie regsverteenwordig tydens die verhoor in die Streekhof nie, maar word nou bygestaan deur mnr. Muhlohlonyi in hierdie appèl. Mnr. Hinana verskyn vir die Staat.

2. Wat die skuldigbevinding aanbetref, het mnr. Muhlohlonyi sy aanval primêr gerig op die feit dat die Staat nie bewys het dat die voertuig waarin die Appellant gevind is, dieselfde voertuig is wat van die klaer, CAY Motors of Johnson Thabi, gesteel is nie.

3. Die feite in hierdie saak kan kortliks as volg saamgevat word:

3.1 Aan die einde van Mei 1995 is 'n nuwe wit Toyota Hilux bakkie in ontvangs geneem by CAY Motors te Upington. Hierdie voertuig is versend deur die vervaardiger daarvan, Toyota Suid-Afrika.

3.2 Hierdie Toyota Hilux bakkie was op die 15e Junie 1995 op die vertoonlokaal van CAY Motors getrek deur 'n werknemer van die

voormelde onderneming, ene Johnson Thabi.

3.3 Tussen 15 Junie 1995 en 20 Junie 1995 is die betrokke voertuig van CAY Motors gesteel.

3.4 Op 20 Junie 1995 was ‘n wit Toyota Hilux bakkie in ‘n ongeluk betrokke naby Griekwastad, deurdat dit op die pad tussen Griekwastad en Groblershoop ongeveer 50 kilometer vanaf Griekwastad die pad verlaat en omgeslaan het.

Twee insittendes, Richard Mocumi (beskuldigde 2 tydens die verhoor) en ene Ndlovu is ernstig beseer in dié ongeluk en die derde insittende, die Appellant, het met ligte beserings daarvan afgekom.

3.5 Op 2 Augustus 1995 is die bakkie positief uitgeken deur ene Ackerman, ‘n werknemer van CAY Motors, aan die hand van sy enjinnommer as die eiendom van CAY Motors.

Ackerman het naamlik die voertuig se enjinnommer vergelyk met die enjinnommer

**wat op die voertuig se kliënt profieldokument verskyn het en dié twee het ooreengestem. 'n Kliënt profieldokument vergesel klaarblyklik 'n nuut vervaardigde voertuig vanaf die vervaardiger (*in casu* Toyota Suid-Afrika) by aflewering aan die handelaar (in die onderhawige geval, CAY Motors te Upington).**

**Hierdie samevatting is gegrond op feite wat gemeensaak was, sowel as feite wat die landdros heeltemal korrek as bewese bevind het.**

**4.1 Daar is geen direkte getuienis wat die Appellant met die diefstal van die voertuig verbind nie. Die landdros het sy skuldigbevinding van Appellant gebaseer op die omstandigheidsgetuienis en op die leerstuk van die besit van onlangs gesteelde eiendom.**

**4.2 Aangesien die appèl soos alreeds gesê, wat skuldigbevinding aanbetref, primêr daaroor gaan of bewys is dat die bakkie waarin Appellant 'n insittende was, dieselfde bakkie is wat vermis is**

**by CAY Motors, is dit nie nodig om in groot besonderhede in te gaan op die getuienis nie. Dit is na my mening voldoende om aandag te gee aan die landdros se toepassing van die voormelde leerstuk, sy oorweging van die omstandigheidsgetuienis sowel as die aspek wat nou voor ons op appèl te berde gebring is namens die Appellant.**

**Hierdie drie aspekte is uiteraard baie nou verweef met mekaar in die konteks van die feite in hierdie saak. Ek ag dit egter dienstig om eers die landdros se oorweging van die omstandigheidsgetuienis te bespreek en daarna die ander twee aspekte gelyktydig te behandel.**

**4.3 Die landdros het, heeltemal korrek, die omstandigheidsgetuienis benader op die basis dat die getuienis in sy geheel oorweeg moet word. In die verband het hy verwys na <u>S v Reddy en andere</u> 1996(2) SASV 1(A).**

**Soos Streicher AR in <u>S v Ntsele 1998(2) SASV 178</u>**

<u>(HHA),</u> te 182e, ten aansien van 'n hof se werkswyse by die oorweging van omstandigheidsgetuienis opgemerk het: -

> "... die hof (moet) nie elke brokkie getuienis afsonderlik betrag om te besluit hoeveel gewig daaraan geheg moet word nie. Dit is die kumulatiewe indruk wat al die brokkies tesame het wat oorweeg moet word om te besluit of die aangeklaagde se skuld bo redelike twyfel bewys is".

Soos ek aanstons sal aantoon, is dít juis die kernprobleem in mnr. Muhlohlonyi se betoog.

Verder moet natuurlik deeglik in gedagte gehou word dat dit nie van die Staat verwag word om die skuld van 'n beskuldigde bo elke sweempie van twyfel te bewys nie, maar slegs bo <u>redelike</u> twyfel;

Sien: <u>S v Ntsele</u> (*supra*) te 182b.

Myns insiens gaan sommige van die individuele brokkies getuienis in hierdie saak dalk elkeen vir een of ander rede mank aan gebreke, maar is die geheelbeeld daarvan heeltemal voldoende om die

**Appellant se skuld bo redelike twyfel te bewys.**

**4.4 Die leerstuk van besit van onlangs gesteelde goedere is**

> **"... simply a common-sense observation on the proof of facts by inference",**

**per Holmes AR in S v Parrow 1973(1) SA 603 (A) te 604.**

**Dié leerstuk is gefundeer op die veronderstelling dat waar 'n persoon in besit betrap word van onlangs gesteelde goedere, die besitter ook die dief is;**
**S v Letoba 1993(2) SASV 614(W), te 614h.**

Die Staat moet natuurlik bewys dat:

a) die betrokke artikel wel gesteel is; en

**b) die aangeklaagde in besit gevind is van die gesteelde artikel sonder dat hy 'n onskuldige verduideliking kan bied wat redelik moontlik waar is;**

**Sien: R v du Plessis 1924 TPD 103;**

**S v Parrow (*supra*) te 604.**

**Of goedere in besit van die aangeklaagde onlangs gesteel is, is 'n feitevraag wat beoordeel moet word na gelang van die feite van elke saak;**

**Sien: S v Skweyiya 1984(4) SA 712(A);**

**S v Matola 1997(1) SASV 321(B) te 324d-e.**

**Dit sal veral afhang van die aard van die goedere, ten einde hierdie vraag te kan beantwoord.**

**Ek laat vir die hede buite rekening die vraag of die Staat wel bo redelike twyfel bewys het dat die voertuig waarin Appellant hom bevind het wel die onlangs gesteelde voertuig van CAY Motors is.**

**Wat die ander aspekte aanbetref, ly dit geen twyfel dat die Staat hom van sy bewyslas gekwyt het nie:**

**a) as aanvaar word dat dit CAY Motors se vermiste bakkie is, dan was dié voertuig**

ten beste vir die Appellant so onlangs as 5 dae voordat dit in die Appellant se besit gevind is, gesteel van CAY Motors;

b) die Appellant het dit glad nie betwis dat hy 'n insittende was in die bakkie nie;

c) die Appellant het 'n leuenagtige verduideliking gegee vir sy aanwesigheid in die voertuig. Op sy eie weergawe het hy 'n vals naam (*"Patrick Khumalo"*) asook 'n vals woonadres in Neilersdrif verskaf aan die ondersoekbeampte in die ongeluksaak, speurdersersant Hanekom. Sy verduideliking vir hierdie leuens is so absurd dat die landdros dit heeltemal tereg verwerp het as vals bo redelike twyfel. Daar is verder verskeie wesenlike weersprekinge tussen sy geskrewe verklaring aan Hanekom en sy mondelinge getuienis.

In sy geheel gesien is sy weergawe net nie

redelik moontlik waar nie, soos die landdros tereg bevind het.

4.5 Het die Staat bewys dat die wit Toyota Hilux bakkie waarin die Appellant op 20 Junie 1995 'n insittende was, dieselfde voertuig is as die een wat tussen 15 Junie 1995 en 20 Junie 1995 gesteel is by CAY Motors?
Indien wel, sal die voormelde leerstuk aanwending vind en sal die Appellant se skuld bo redelike twyfel bewys wees, vir die redes uiteengesit in die voorafgaande paragraaf.

Ek het alreeds melding gemaak van die getuienis van Thabi en Ackerman wat beide werknemers van CAY Motors was tydens alle tersaaklike tye hierin. Mnr. Muhlohlonyi het hierdie getuienis op verskeie gronde aangeval, waarmee ek nou seriatim handel.

a) Daar is, na bewering, nie bewys dat die voertuig wel vermis is by CAY Motors nie. Hierdie betoog het nie meriete nie. CAY

Motors se personeel was klaarblyklik besonder agtelosig in hierdie gebeure, maar wat egter vasstaan is dat : -

i) Thabi die bakkie op 15 Junie 1995 op die vertoonlokaal se vloer gelaat het;

ii) daar agterna navrae gerig is aan onder andere Ackerman oor waar die bakkie is;

iii) Inspekteur Mooki, die ondersoekbeampte, met behulp van sy rekenaar vasgestel het dat die voertuig wat te Griekwastad in die ongeluk betrokke is, aan CAY Motors behoort en het laasgenoemde dienooreenkomstig verwittig.

b) Die volgende submissie is dat Ackerman nie op die kliënt profieldokument se besonderhede kon steun nie (synde na bewering hoorsê te wees), maar slegs die eienaar van CAY Motors kon só doen.

Hierdie is ‘n verbasende submissie.

**Ackerman het klaarblyklik opgetree as werknemer en agent van die eienaar – daarmee kan bewysregtelik tog niks mee fout gevind word nie.**

**‘n Argument van aansienlik meer substansie sou gewees het om aan te voer dat nóg die eienaar nóg Ackerman eerstehands oor die inligting vervat in die kliënt profieldokument sou kon getuig, maar dat slegs ‘n verantwoordelike werknemer van Toyota Suid-Afrika dit sou kon doen.**

**Dit was egter nie mnr. Muhlohlonyi se aanvalshoek nie – as dit was sou die bepalings van artikel 3(c) van Wet 45 van 1988 (die Wysigingswet op Bewysreg) verseker met vrug aanwending gevind het ter beantwoording van só ‘n submissie.**

**c) Derdens doen mnr. Muhlohlonyi aan die hand dat sersant Monanyane, wat die eerste polisiebeampte op die ongelukstoneel was, die voertuig identifiseer as ‘n wit Toyota Hilux 4x4 bakkie, terwyl Thabi getuig het dat die voertuig wat hy in die vertoonlokaal gelaat het ‘n Toyota Hilux 2.4 S was. Hierdie submissie word heeltemal gekelder deur die getuienis van Ackerman oor die ooreenstemmende enjinnommers.**

**Verder en in elk geval, moet in ag geneem**

word dat Thabi:

i) ‘n absolute leek is ten aansien van Toyota Hilux bakkie modelle; en

ii) geen rede hoegenaamd gehad het om veel ag te slaan op die presiese fabrikaat van die voertuig nie, in omstandighede waar twee van die beseerdes klaarblyklik ernstig beseer was (beskuldigde 2 was heeltemal bewusteloos op die ongelukstoneel).

d) Laastens submitteer mnr. Muhlohlonyi dat daar nie getuienis is oor watter polisieman vir Ackerman na die beskadigde bakkie by Griekwastad polisiestasie geneem het nie. Daarmee saam voer hy aan, ontstaan die vraag – hoe het hierdie polisieman geweet dat die voertuig wat hy vir Ackerman uitgewys het, inderdaad die een was wat in die ongeluk betrokke was?

Hierdie betoog is ‘n tipiese geval waar kritiek op ‘n enkele brokkie getuienis heeltemal verhef word in gewig ten einde ‘n skaduwee

**oor die Staat se saak in sy geheel te probeer werp.**

**In sy geheel gesien, het die Staat wat hierdie aspek aanbetref bewys dat -**

i) **Thabi en Ackerman namens CAY Motors, 'n nuwe wit Toyota Hilux bakkie vermis het vóór 20 Junie 1995;**

ii) **Monyanane uitgegaan het na 'n ongelukstoneel buite Griekwastad op 20 Junie 1995 waar hy 'n nuwe wit Toyota Hilux bakkie aangetref het wat erg beskadig is in die ongeluk en waarin Appellant een van die insittendes was;**

iii) **2 dae later, d.w.s. op 22 Junie 1995 het Hanekom 'n verklaring van Appellant geneem, terwyl laasgenoemde 'n vals naam, te wete Patrick Khumalo, gebruik het;**

iv) **na aanleiding van die voormelde verklaring het Hanekom sekere**

gegewens, ten aansien van die Appellant en die voertuig deurgegee na Mooki, die ondersoekbeampte;

v) Mooki het, aan die hand van voormelde gegewens, vasgestel dat nóg die naam Patrick Khumalo nóg die woonadres verskaf deur Appellant eg is en dat die voertuig aan CAY Motors behoort;

vi) Uit hoofde van die voorafgaande, het CAY Motors se mense (meer bepaald die eienaar, Gresse, en Ackerman) die nodige stappe geneem om die voertuig te Griekwastad te gaan eien – vir dié doel het hulle die kliënt profieldokument gebruik.

Daar kan na my mening geen redelike twyfel bestaan dat die Staat, d.m.v. hierdie voormelde ketting van getuienis bewys het dat die voertuig waarin die Appellant 'n insittende was toe die ongeluk gemaak is op

**20 Junie 1995 buite Griekwastad, dieselfde voertuig is wat tussen 15 en 20 Junie 1995 by CAY Motors vermis geraak het.**

**5. In die omstandighede is ek die mening toegedaan dat daar geen meriete in die appèl teen skuldigbevinding is nie.**

**6. Wat vonnis aanbetref, is die enigste grond van appèl bloot dat die landdros gefouteer het deur die Appellant se vorige veroordelings in aanmerking te neem, terwyl die laaste oortreding gedurende 1987 gepleeg is. Hierdie submissie is nie sonder meriete nie; sien: S v Mqwathi 1985(4) SA 22(T). 'n Hof van Appèl se bevoegdheid om met 'n vonnis in te meng is egter beperk;**

**Sien: S v Shapiro 1994(1) SASV 112 (A) te 119j-**

120c;

**S v Sadler 2000(1) SASV 331 (HHA) te 334d-i.**

**Die vraag ontstaan: selfs al word vir doeleindes van die appèl aanvaar dat die landdros in dié verband misgetas het, is die mistasting só wesenlik dat dit inmenging op appèl regverdig?**

**Ek meen die antwoord hierop behoort ‘n besliste nee te wees. Die Appellant en sy makkers het op sluwe wyse hierdie voertuig gesteel en het dit erg beskadig terwyl hulle daarmee rondgerits het. Daar is nou weliswaar geen getuienis oor hoeveel die skade beloop het nie, maar dit blyk uit die oorkonde dat dit ‘n nuwe bakkie was wat R58 000.00 gekos het en dat ná die ongeluk slegs die onderstel en die enjin daarvan nog gebruik kon word. Daar kan dus aanvaar word dat die skade wat die eienaar gely het etlike duisende Rande moes beloop het.**
**Daar is verder nie ‘n sweempie van berou te bespeur by die Appellant nie, inteendeel hy het deurgaans volgehou met sy leuenagtige verweer. Daar is gevolglik nie gronde waarop met die opgelegde vonnis ingemeng kan word nie.**

**7. Ek meen dat die appèl van die hand gewys en beide die skuldigbevinding en vonnis bekragtig behoort te word.**

______________________________

S.A MAJIEDT
REGTER

**Ek stem saam. Die appèl word van die hand gewys en**

**die skuldigbevinding en vonnis word bekragtig.**

______________________

J.C. VAN DER WALT
REGTER

**Datum van Appèl: 26-02-2001**

**Datum van uitspraak: 02-03-2001**
**Adv. M. Muhlohlonyi nms. Appellant**
**Adv. S. Hinana nms. die Staat**